# Vaardighede wat nodig is om ’n entrepreneur te wees

Om ’n suksesvolle entrepreneur in die toerismebedryf te wees moet jy oor sekere vaardighede of eienskappe beskik, soos:

- risikoneming
- toewyding
- kreatiwiteit
- onafhanklikheid
- motivering
- behep met geleentheid.



Het jy die durf en vernuf om ’n entrepreneur te wees?

## Risikoneming

As entrepreneur sal jy risiko’s moet waag. Entrepreneurs waag dikwels finansiële risiko’s wanneer hulle nuwe sake-uitdagings aanpak.

## Toewyding

Hier word verwys na die toewyding wat individue aan die dag lê wanneer hulle probeer om hulle doelwitte in die toerismebedryf te bereik.

## Kreatiwiteit

’n Entrepreneur is ’n invoerder van nuwe idees, iemand wat ’n geleentheid sien om iets te skep waar ander dit nie kan raaksien nie. Kreatiwiteit beteken die vermoë om fantasie en visie in te span vir die skepping van nuwe idees en om nuwe projekte ten uitvoer te bring.

## Onafhanklikheid

Dit is die vermoë om vol selfvertroue te wees. Entrepreneurs glo gewoonlik in hulle eie vermoë om hulle bedrywighede in die rigting van sukses te stuur, ondanks struikelblokke.

## Motivering

Entrepreneurs word aangevuur deur ’n inherente begeerte om uitdagende doelwitte te bereik.

## Behep met geleentheid

Suksesvolle entrepreneurs se doelstelling is die najaag van ’n geleentheid. Die meeste entrepreneurs sal hierdie eienskappe gemeen hê. Individue met die regte kombinasie van hierdie eienskappe is beter in staat om entrepreneurs te word as die res van die bevolking.

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.